# GOD SE LIEFDE EN ALMAG HET NIE GRENSE NIE

## Positiewe Tien Gebooie

### Eerste Belofte
As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê!

### Tweede Belofte
As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra!

### Derde Belofte
As jy My liefhet, sal My naam nooit ’n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!

### Vierde Belofte
As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sabbat die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou ’n vreugde wees om in die Gemeenskap van die heiliges My te aanbid. ’n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!

### Vyfde Belofte
As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou ’n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter Hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!

### Sesde Belofte
As jy my liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!

### Sewende Belofte
As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek ’n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal ek in my hande bewaar en vashou!

### Agtste Belofte
As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: ‘Aan wie en waar kan ek aan ’n ander iets gee en jy sal nooit iets van ’n ander wil neem nie’

### Negende Belofte
As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van ’n ander kwaad te praat nie. Deur my gees sal jy ’n mens wees wat van ’n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!

Tiende Belofte
As jy een met My is, sal My gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

VOOR SKRIFLESING
Markus is die een van die vier evangeliste wat meer na Jesus se **wonderwerke** as na sy toesprake en ander optredes verwys. Sodoende stel hy Jesus bekend as iemand wat ‘n boodskap het, maar ook as die Een **wat doen wat Hy sê**. Jesus bevestig deur sy optrede dat die *koninkryk* van God aangebreek het en dat Hy waarlik die *Verlosser* is wat in die gestalte van ‘n mens gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te *dien.* Die boodskap moet aan almal, **Jood en nie-Jood** verkondig word. Ons lees vandag waar Hy saam met sy dissipels na twee Fenisiese stede stede, **Tirus en Sidon**, vertrek het waar Hy eers die dogter van ‘n nie-Joodse vrou en daarna ‘n doofstom man gesond gemaak het.

SKRIFLESING: MARKUS 7:24-37

Markus vertel hoedat Jesus uit Galilea na Fenisië vertrek het. Jesus het gehoop Hy **kon rus**, weg van die skares, aangesien dit ’n nie-Joodse gebied was. Die mense wat daar gewoon het, was in der waarheid die Jode vyandiggesind.
‘n Onbekende **Griekse vrou** wat in Siro-Fenisië gebore is, het egter van Hom te hore gekom. Haar toekoms was donker want haar dogter het aan ‘n ongeneeslike siekte gely. In die oë van die Jode was die kind **onrein**, nie net omdat sy ‘n heiden was nie, maar ook omdat sy ‘n onrein gees gehad het. Geen Jood sou dus met haar kontak wou hê nie.
As ma was die vrou egter **desperaat**. Sy plaas al haar hoop op Jesus. Sy het gehoor Hy het deernis met mense wie se lewe in ‘n doodloopstraat beland het. Daarom is sy bereid om politieke en godsdienstige grense oor te steek. Sy steur haar nie meer aan al die vooroordele nie. Sy val eenvoudig voor Jesus se voete neer en smeek Hom om die bose gees wat haar dogter in besit geneem het, uit te dryf.
Maar Jesus verduidelik aan haar dat dit **nie so eenvoudig** is nie. Hy het eerstens gekom vir die kinders, dit is die Jode. En omdat sy en haar dogtertjie hondjies is (die Jode se beskrywing vir heidene), moet sy wag. Hulle beurt sal wel later kom.
Jesus se woorde sou die meeste heidene die harnas in geja het. Hulle sou hulle **bloediglik vererg** het dat Hy kon waag om hulle met hondjies te vergelyk, terwyl Hy die Jode kinders noem. Dink nou maar as dit JY moes gewees het…!

Tog **reageer** die vrou heeltemal anders. Sy antwoord Hom: *"Ja, Here, ek besef dat U eintlik na die Jode gestuur is omdat hulle God se volk is. Ek besef dat ons heidene maar eintlik soos hondjies is, maar daar gaan tog 'n paar krummels van die tafel afval. Dit is vir my genoeg!"* Al was sy en haar dogter nie lede van God se volk nie, vra sy net vir 'n stukkie **oorskietgenade**. Dit sou meer as genoeg wees. Sy is selfs bereid om die etiket "hondjie" te dra, al beteken dit dat sy die bespotting en verguising van haar eie mense en van die Jode moes ervaar.
Jesus sien haar **geloof** en genees haar kind. Hy "verloor" (in aanhalingstekens) die argument. Hy genees haar dogter oor 'n afstand - sonder dat Hy eers naby die kind gekom het! So **bewys die wonderwerk** dat Jesus se gesag oor die bose geeste volkome is. Hy kon van ver af 'n bevel uitvaardig en die geeste het gehoorsaam. Dit was nie eers vir Hom nodig om daar by die besetene te wees nie.

Jesus se wonderwerke het 'n **tweeledige doel** gehad: Eerstens om God se **liefde** vir die mens prakties te demonstreer en tweedens om te wys op die **almag en grootheid** van God. Dit – God se liefde en almag – het nog **niks verander** sedertdien nie.
**Wie is dan vandag die ma en dogter?**

1. Die ma en dogter was nie lede van God se volk nie. Hulle verteenwoordig dus **mense met 'n ander geloofsoortuiging** as ons wat Christene is. Dit is hulle wat nie aan die kerk van Christus behoort nie. Dit is omtrent 2/3 van die wêreldbevolking! Is ons bereid om hulle aan hul eie lot oor te laat? Dan is ons nie ware volgelinge van Jesus nie. Dit is o.a. waarvoor ons JAO bydraes gaan. Terloops, die bydraes het reeds pragtig begin inkom na ons Getuienisfees!

2. Die vrou en haar dogter verteenwoordig tweedens **mense wat die volk van God vyandiggesind was.** Wie is die mense wat vandag die kerk van die Here Jesus vyandiggesind is? Dalk ken u sulke mense by name. Benader ons hulle dan ook as vyande? Tree ons vriendelik of onvriendelik teenoor hulle op? Jesus se gesindheid was uitsonderlik in vergelyking met die ander Jode van sy tyd. Dit is wat ook van ons as sy volgelinge gevra word: **uitsonderlike gesindhede** in vergelyking met mense wat nie volgelinge van Hom is nie. Dit is die gesindheid van *1 Kor 13:4-7 (lees)*.

3. Die ma en dogter verteeenwoordig **mense wat as onrein beskou is**. Die Jode was veronderstel om draaie rondom hulle te loop en kontak met hulle te vermy. Jesus het net in die vorige verse verduidelik wat Hy as rein en onrein beskou. Hy het hulle daarop gewys dat dit **nie uiterlike**

**dinge** is wat 'n mens onrein maak nie. Hy het dus nie 'n probleem daarmee gehad om met heidene kontak te maak nie.
Wie is die mense met wie ons vandag **kontak vermy**? Vir wie is ons bang uit vrees dat hulle ons kan besoedel? Die "semels" met wie ons ordentlike mense ons nie wil meng nie? Vigslyers miskien? Bergies? Prostitute?

4. Sy en haar dogter verteeenwoordig vierdens **die gevalle vir wie ons al hoop opgegee het**. Volgens ons opinie is daar letterlik en figuurlik nie salf aan hulle te smeer nie. Hulle situasie oorweldig ons met 'n gevoel van magteloosheid en moedeloosheid. Ons bid nie eers vir hulle redding nie, want ons het hulle al afgeskryf vir die koninkryk. Gevalle soos gevangenes in Pollsmoor en dwelmverslaafdes.

5. Die vroue en haar dogter verteenwoordig **die randfigure in die samelewing** wat vir baie mense meer 'n irritasie is as iets anders – die gestremdes, die werkloses, die drankverslaafdes, die straatkinders, …

**6. Miskien herken jy laastens ook iets van jouself** in die ma en dogter. Daar is baie mense wat soos hulle twee hoop op 'n wonderwerk wat hul **persoonlike omstandighede** betref. Maar ons het ook wonderwerke nodig om **probleme soos** *armoede, werkloosheid, Vigs, misdaad, morele verval, dwelmverslawing, aardverhitting, kerkhereniging, kerkvervreemding en ons gemeentefinansies* die hoof te kan bied. Trouens, as ons nie in wonderwerke geglo het nie, was ons hoop vir die toekoms van ons land en van die kerk en van die gemeente maar skraal.
**Gelukkig: God se genade is ook vir JOU en my genoeg!**
Volg die vrou se voorbeeld en **plaas AL jou vertroue op Jesus**. Doen wat Hy van jou vra. Hy **vra nie** van jou en my om wonderwerke te verrig nie. Al wat Hy van ons vra, is *om te vohard in die gebed, lief te hê en te dien*. Laat die doen van die wonderwerke maar aan Hom oor.
**In China** is daar so 'n wonderwerk aan die gebeur – en nou praat ek nie van sy ekonomiese ontwaking nie. Volgens wat ds Kritzinger van die Bybelgenootskap laas Sondagaand vertel het, is daar ten spyte van die hewige vervolging van vroeër jare, vandag 22 miljoen christene in China (van wie hulle weet). Vandat Bybels sedert 1987 weer in die land gedruk en versprei mag word, is 60 miljoen Bybels versprei. Die Bybel is die topverkoper in China! Hulle het nou 'n nuwe drukpers in daardie land wat 12 miljoen Bybels per jaar kan produseer (1 miljoen volledige Bybels verlede jaar in SA versprei = rekord). Dit alles nadat daar vir 12-14 jr deur vervolging alles probeer is om die christendom in die land uit te roei!

SLOT

Jesus het deur sy optrede kom wys: **God het almal lief en in Sy almag kan Hy wonderwerke laat gebeur.**

Dit is die boodskap wat ons as sy dissiples en verteenwoordigers ook moet probeer uitleef. Dit is ‘n boodskap van GELOOF, HOOP en LIEFDE! Amen.

<u>Lees Lied 332:1-4; Sing dit en ook 333 Groot is die Heer (3x in Afr) - sittende</u>